basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# MUSIEK

## RIGLYNE VIR
## PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

## 2015

**Hierdie riglyne bestaan uit 56 bladsye.**

## INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **1.** | **Inleiding** | 3 |
| **2.** | **Riglyne vir die Onderwysers en Leerders** | 4 |
| | 2.1 Hoe om die PAT'e te administreer | 4 |
| | 2.2 Opsomming van vereistes | 5 |
| | 2.3 Opsomming van assessering | 5 |
| **3.** | **Spesifieke Vereistes vir PAT'e** | 6 |
| **4.** | **Volledige Beskrywing van PAT'e** | 7 |
| | 4.1 PAT 1 | 7 |
| | 4.2 PAT 2 | 7 |
| | 4.3 PAT 3 | 8 |
| | 4.4 PAT 4 | 9 |
| | 4.5 PAT 5 | 10 |
| **5.** | **Voorbeelde van PAT'e en Assesseringsinstrumente** | 11 |
| | 5.1 PAT 1 | 11 |
| | 5.2 PAT 2 | 15 |
| | 5.3 PAT 3 | 28 |
| | 5.4 PAT 4 | 46 |
| | 5.5 PAT 5 | 49 |
| **6.** | **Verklaring van Egtheid** | 54 |
| **7.** | **Voorgestelde Bronne** | 55 |
| **8.** | **Gevolgtrekking** | 56 |

## 1. INLEIDING

Die 16 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landbou-tegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtings tegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

## 2. RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSERS EN LEERDERS

### 2.1 HOE OM DIE PAT'e TE ADMINISTREER

- Musiek het vyf Praktiese Assesseringstake (PAT'e), wat saam met die Junie- en September-eksamenpunte die Skoolgebaseerde Assessering (SBA) -punte vir elke leerder uitmaak.
- Die PAT'e verseker dat die onderwyser leerders se verworwe vaardighede direk en sistematies kan waarneem, wat praktiese uitvoering, teoretiese kennis, improvisasievaardighede, kreatiewe werk en navorsingservaring insluit.
- Die PAT'e moet gedurende die eerste drie kwartale van die graad 12-jaar voltooi word. Die beplanning en voltooiing van die PAT'e word volgens die onderwyser se oordeel gedoen, en kan in enige volgorde geskied.
- Sommige take, byvoorbeeld die musiekgeletterdheidstaak, kan as 'n enkelperiode-toets uitgevoer word, terwyl ander take, byvoorbeeld komposisie, as 'n reeks kleiner take oor 'n aantal weke uitgevoer kan word.
- Die PAT'e het 'n noue verband met die kurrikulummateriaal vir Musiek en maak deel uit van die onderrig- en assesseringsaktiwiteite.
- Ten minste 60% van alle PAT'e moet in die klas onder toesig van die onderwyser gedoen word. Die onderwyser moet die egtheid van die werk as die leerder se eie werk staaf.
- Die volgende tabel bevat 'n opsomming van die komponente van die finale musiekpunt:

| | | **TOTAL** |
|---|---|---|
| **SBA (PAT'e en die twee interne eksamens)** | 850 ÷ 8,5 | **100** |
| **FINALE EKSTERNE EKSAMEN** | Prakties 150<br>Vraestel 1 120<br>Vraestel 2 30 | **300** |
| **PROMOSIE** | | **400** |

- Die voorbeelde in hierdie PAT-dokument dien slegs as **basiese riglyn**. Onderwysers mag hul eie PAT'e, wat geskikter vir hulle eie spesifieke kontekste is, saamstel. Hierdie PAT'e moet dieselfde standaard hê as die voorbeelde wat in hierdie dokument gegee word.
- Indien daar slegs een musiekonderwyser by 'n skool is, moet al die voordrag-gebaseerde take (PAT'e 1 en 3 en die praktiese eksamens) saam met 'n musiekonderwyser van 'n buurskool, die vakadviseur of 'n onafhanklike musiekspesialis geassesseer word.

## 2.2 OPSOMMING VAN VEREISTES

Die PAT'e, Junie- en September-eksamens en Eksterne Eksamens maak die finale punt vir graad 12-Musiek uit.

<table>
<tr><th colspan="2">ASSESSERINGSPROGRAM EN GEWIGSWAARDES VAN TAKE</th></tr>
<tr><td>Formele assessering<br>(gedurende die jaar)</td><td>Jaareindeksamen</td></tr>
<tr><td>25%</td><td>75%</td></tr>
<tr><td>SBA (skoolgebaseerde assessering)<br>(100 punte)<br><br>5 PAT'e<br>(50 punte elk)<br>Junie-eksamen<br>(300 punte)<br>September-eksamen<br>(300 punte)</td><td>Eksterne jaareindeksamen se praktiese en skriftelike vraestelle<br>(300 punte)<br><table><tr><td>Twee skriftelike vraestelle:<br>(150 punte)<br>Vraestel 1: 120 punte<br>Vraestel 2: 30 punte</td><td>Praktiese eksamen:<br>(150 punte)<br>Voordragstukke, tegniese werk, bladlees en gehoortoetse</td></tr></table></td></tr>
<tr><td colspan="2">TOTAAL: 850 ÷ 8,5 = 100</td></tr>
</table>

## 2.3 OPSOMMING VAN ASSESSERING

<table>
<tr><th>PAT'e<br>(Mag in enige volgorde/kwartaal gedoen word)</th><th></th><th>SBA-PUNT</th><th>FINALE PUNT</th></tr>
<tr><td>PAT 1: Konsertvoordrag<br>PAT 2: Musiekgeletterdheidsopdrag<br>PAT 3: Improvisasie<br>PAT 4: Komposisie OF Verwerking<br>PAT 5: Skriftelike opdrag</td><td>50<br>50<br>50<br>50<br>50</td><td>250</td><td rowspan="4">850 ÷ 8,5<br>= 100</td></tr>
<tr><td>Eksamens</td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Junie:<br>Prakties<br>Skriftelik (Vraestel 1 en 2)</td><td>150<br>150</td><td>300</td></tr>
<tr><td>September:<br>Prakties<br>Skriftelik (Vraestel 1 en 2)</td><td>150<br>150</td><td>300</td></tr>
<tr><td>Finale Eksterne Eksamen</td><td></td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Praktiese Eksamen<br>Skriftelike Vraestelle:<br>Vraestel 1<br>Vraestel 2<br>TOTAAL</td><td>150<br><br>120<br>30</td><td></td><td>300</td></tr>
<tr><td colspan="3">JAARTOTAAL</td><td>400</td></tr>
</table>

## 3. SPESIFIEKE VEREISTES VIR PAT'e

| PAT | BESKRYWING | PUNTE | |
|---|---|---|---|
| PAT 1 | **Konsertvoordrag:**<br>• Een voordragwerk wat gereed is vir uitvoering<br>• Geskrewe programnotas | 40<br>10 | 50 |
| PAT 2 | **Musiekgeletterdheidsopdrag:**<br>• Harmoniese ontleding/Musiekteorie<br>• Harmonisering | 30<br>20 | 50 |
| PAT 3 | **Improvisasie:**<br>• Voordrag<br>• Geskrewe verduideliking van styl/tegnieke wat gebruik word | 40<br>10 | 50 |
| PAT 4 | **Komposisie OF Verwerking:**<br>• Handgeskrewe of gedrukte partituur | 50 | 50 |
| PAT 5 | **Skriftelike Opdrag:**<br>Onderwysers mag enige navorsingsonderwerp wat direk met die KABV-inhoud verband hou, kies. Sodoende raak die navorsing deel van die voorbereiding vir die finale eksamen, byvoorbeeld:<br><br>**WKM:**<br>Doen navorsing oor die ontstaan en vroeë ontwikkeling van opera vanaf 1585 tot 1625 in Italië.<br><br>**OF**<br><br>**JAZZ:**<br>Doen navorsing oor die oorsprong en vroeë ontwikkeling van marabi.<br><br>**OF**<br><br>**IAM:**<br>Doen navorsing oor die musiek van EEN seremonie van 'n inheemse Suid-Afrikaanse kultuur, behalwe jou eie. | 50<br><br>**OF**<br><br>50<br><br>**OF**<br><br>50 | 50 |
| | **TOTAAL VIR PAT'e** | | **250** |

## 4. VOLLEDIGE BESKRYWING VAN PAT'e

### 4.1 PAT 1

**KONSERTVOORDRAG**

- **Voordrag**
  Elke leerder moet een stuk in 'n konsert of voordragklas uitvoer. Hierdie stuk moet afgerond en uitvoeringsgereed wees. Die stuk kan deel uitmaak van die finale praktiese eksamenprogram.

- **Programnotas**
  Elke leerder moet programnotas van 120–150 woorde skryf oor die werk wat uitgevoer word. Die inligting moet verwysings na die komponis, die vorm en toepaslike stylkenmerke van die stuk insluit.

- **Assessering**
  Beide die konsertvoordrag en die geskrewe programnotas moet deur ten minste twee musiekonderwysers/-spesialiste geassesseer word.

  Bewyse van die assessering van die konsertvoordrag en die geskrewe programnotas moet in elke leerder se lêer geplaas word.

### 4.2 PAT 2

**MUSIEKGELETTERDHEIDSOPDRAG**

- **Harmoniese ontleding**
  Elke leerder moet 'n harmoniese ontleding, wat die verskillende aspekte van die kurrikulum insluit, voltooi, byvoorbeeld:

  (a) Toonsoorte en modulasie
  (b) Akkoordprogressies (posisies/omkerings)
  (c) Kadense
  (d) Nie-harmonienote
  (e) Komposisietegnieke
  (f) Intervalle
  (g) Toonlere
  (h) Transposisie, ens.

- **Harmonisering**
  WKM/IAM: Elke leerder moet 'n vierstemmige (SATB) harmonisering van 'n gegewe sopraanmelodie van 8–12 mate voltooi.
  JAZZ/IAM: Elke leerder moet 'n kort stuk voltooi deur 'n geskrewe begeleiding by 'n sopraanmelodie van 8–12 mate te voeg.

- **Assessering**
  Bewyse van die assessering van beide take moet in elke leerder se lêer geplaas word.

## 4.3 PAT 3

### IMPROVISASIE

- **Voordrag:**
  Elke leerder moet 'n improvisasie van 'n **minimum** van 12 mate op sy/haar instrument doen terwyl hy/sy op ('n) geskikte instrument(e) of met voorafopgeneemde musiek ('backtrack') begelei word.

- **Tydsduur:**
  Die begeleidingsmateriaal (akkoordprogressie of voorafopgeneemde musiek ('backtrack')) vir die improvisasie moet ten minste twee weke voor die werklike improvisasie-uitvoering aan die leerder verskaf word sodat die leerder kan voorberei.

- **Werklike voordrag:**
  Gedurende die werklike uitvoering mag die leerder slegs die akkoordprogressie, akkoordblad ('chord chart') of skeletpartituur ('lead sheet') voor hom/haar hê. Die begeleiding moet een keer as 'n inleiding gespeel word en moet dan herhaal word terwyl die leerder improviseer.

- **Styl:**
  Die styl van die improvisasie word nie voorgeskryf nie. Die onderwyser mag geskikte materiaal verskaf, wat betrekking het op die musiekstyl wat die leerder bestudeer.

- **Instrumente:**
  (a) Alle voordragte moet melodiese en ritmiese improvisasie insluit, behalwe vir nie-melodiese perkussie-/slaginstrumente.
  (b) Kitaar-, klavier-, klawerbord- en orrelvoordragte mag uit enkellyn-improvisasies bestaan, soos ook die geval sal wees by alle blaas-, koperblaas- en strykinstrumente.
  (c) Leerders wat op transponerende instrumente speel, moet seker maak dat hulle improvisasie in die korrekte toonsoort voorberei word. Aparte akkoordblaaie/skeletpartiture moet vir alle transponerende instrumente verskaf word.

- **Geskrewe verduideliking:**
  'n Geskrewe verduideliking (80–100 woorde) van die styl/tegnieke en materiaal wat in die improvisasie gebruik word, moet deur die leerder tydens die werklike voordrag van die improvisasie voorsien word.

- **Assessering:**
  Bewyse van die assessering van die improvisasie en die geskrewe verduideliking moet in elke leerder se lêer geplaas word.

## 4.4 PAT 4

### KOMPOSISIE OF VERWERKING

Elke leerder moet 'n stuk musiek vir een van die volgende komponeer of verwerk:

(a) Klawerbordinstrument
(b) Klawerbordinstrument en een solo-instrument/stem
(c) 'n Lied met begeleiding
(d) Jazz-kombinasie ('Jazz combo')
(e) Gemengde koor (SATB)
(f) Enige kombinasie van ten minste vier instrumente
(g) Klassieke/Afrika-perkussie vir ten minste vier instrumente

- **Styl:**
  Die komposisie/verwerking moet 'n tonale harmoniese basis en 'n duidelike melodielyn (homofoniese tekstuur) hê en mag polifonie insluit. Komposisies/ Verwerkings vir perkussie-instrumente moet met spesifieke ritmiese beginsels in gedagte georganiseer wees.

- **Omvang:**
  Die minimum vereiste lengte is 12 mate (verdubbel na 24 mate as die tydmaatteken 2/4 of 3/8 is), maar mag langer wees.

- **Partituur:**
  'n Volledige partituur (wat tempo-aanduiding, voordrag-regie, dinamiek- en artikulasietekens insluit) moet netjies handgeskrewe of getik/uitgedruk word.

- **Assessering:**
  Bewyse van die assessering van die komposisie of verwerking, asook die werk self, moet in elke leerder se lêer geplaas word.

## 4.5 PAT 5

### SKRIFTELIKE OPDRAG

- Onderwysers mag enige navorsingsonderwerp wat direk met die KABV-inhoud verband hou, kies. Sodoende raak die navorsing deel van die voorbereiding vir die finale eksamen.
- Die lengte van die opdrag moet 1 000–1 500 woorde wees. Die onderwyser mag opskrifte en subtitels verskaf om die leerder met die struktuur van die opdrag te help, maar die geskrewe teks moet die leerder se eie werk wees.
- Enige vorm van plagiaat sal swaar gepenaliseer word. Die onderwyser moet die term 'plagiaat' aan die leerders verduidelik.
- 'n Bibliografie en diskografie moet ingesluit word.

- **Assessering**
  Bewyse van die assessering van die navorsingsopdrag, asook die opdrag self, moet in elke leerder se lêer geplaas word.

## 5. VOORBEELDE VAN PAT'e EN ASSESSERINGSINSTRUMENTE

# PAT 1

## KONSERTVOORDRAG

**Rekord van Assessering** **Totaal: 40 punte**

Naam van leerder: ______________________________ Datum: ____________________

Komponis en titel: ______________________________ Instrument: _________________

| **Uitvoeringskriteria** | **Maksimum Punt** | **Leerder se Punt** |
|---|---|---|
| Vlotheid | 10 | |
| Akkuraatheid | 10 | |
| Stilistiese singewing | 30 | |
| Musikale begrip/interpretasie | 20 | |
| Algemeen:<br>* Klankproduksie/Aanslag<br>* Intonasie<br>* Tegniese vaardigheid<br>* Toepaslike tempo<br>* Verhoogpersoonlikheid | 30 | |
| **Subtotaal:** | **100** | |
| **Verwerk: Konsertvoordrag** | **40** | |
| **Programnotas** | **10** | |
| **TOTAAL** | **50** | |

Opmerkings: ________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

Onderwysers se handtekeninge: 1. ______________________________________

2. ______________________________________

## ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR VOORDRAG

| Vlotheid/ Musikale vloei<br>10 | Akkuraatheid<br>10 | Stilistiese singewing<br>30 | Musikale begrip/ Interpretasie<br>20 | Algemeen<br>30 |
|---|---|---|---|---|
| **(9–10)**<br>**UITSTEKEND**<br>Akkurate, vloeiende en presiese spel | **(9–10)**<br>**UITSTEKEND**<br>Beheersde, akkurate spel | **(27–30)**<br>**UITSTEKEND**<br>Duidelike begrip van die vereiste styl | **(18–20)**<br>**UITSTEKEND**<br>Uitstekende projeksie en kommunikasie van die betekenis van die musiek | **(27–30)**<br>**UITSTEKEND**<br>Uitstekende klankproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid, en toepaslike tempo, verhoog-persoonlikheid |
| **(7–8)**<br>**GOED**<br>Hoofsaaklik akkurate en vloeiende spel | **(7–8)**<br>**GOED**<br>'n Goeie vlak van akkuraatheid | **(21–26)**<br>**GOED**<br>'n Goeie uitvoeringsin in 'n toepaslike styl | **(14–17)**<br>**GOED**<br>Goeie begrip en kommunikasie van die betekenis van die musiek | **(21–26)**<br>**GOED**<br>Goeie klankproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid, tempo, verhoog-persoonlikheid |
| **(5–6)**<br>**GEMIDDELD**<br>In wese akkuraat met voldoende vloei | **(5–6)**<br>**GEMIDDELD**<br>Spel in die algemeen akkuraat | **(15–20)**<br>**GEMIDDELD**<br>'n Redelike sin vir die vereiste styl | **(10–13)**<br>**GEMIDDELD**<br>Gedeeltelike suksesvolle kommunikasie van die betekenis van die musiek | **(15–20)**<br>**GEMIDDELD**<br>Redelike klankproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid, tempo, verhoog-persoonlikheid |
| **(3–4)**<br>**AANVAARBAAR**<br>Huiwerende tempo, polsslag dikwels onduidelik, gereelde huiwerings | **(3–4)**<br>**AANVAARBAAR**<br>Beperkte vlak van akkuraatheid | **(9–14)**<br>**AANVAARBAAR**<br>Uitvoering wankelrig en styl nie goed begryp nie | **(6–9)**<br>**AANVAARBAAR**<br>Min musikale begrip | **(9–14)**<br>**AANVAARBAAR**<br>'n Geringe sin vir klankproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid, tempo, verhoog-persoonlikheid |
| **(0–2)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Baie swak vloei met gereelde huiwerings, tweede beginpogings en/of onderbrekings | **(0–2)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Baie min akkuraatheid, baie foute | **(0–8)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Styl slegs vaagweg onderskeibaar | **(0–5)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Geen musikale begrip nie | **(0–8)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Geen klankproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid, tempo, verhoog-persoonlikheid nie |

# PROGRAMNOTAS

**Rekord van Assessering** **Totaal: 10 punte**

Naam van leerder: ______________________________ Datum: ______________________

Komponis en titel: ______________________________ Instrument: ___________________

**INSTRUKSIES**

1. Skryf bondige programnotas (120–150 woorde) oor die stuk wat in die konsert uitgevoer word.
2. Die inligting moet verwysing na die komponis, die vorm en toepaslike stylkenmerke van die stuk insluit.
3. Punte sal vir inhoud, taalgebruik en aanbieding toegeken word.

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

**Punte (10):** ___________

Onderwysers se handtekeninge: 1. ______________________________________

2. ______________________________________

## ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR PROGRAMNOTAS

| **Inhoud**<br>**20** | **Taal en Aanbieding**<br>**10** |
|---|---|
| **(9–10)**<br>**UITSTEKEND**<br>Samehangend, akkuraat, volledig | **(9–10)**<br>**UITSTEKEND** |
| **(7–8)**<br>**GOED**<br>Meestal samehangend, meestal akkuraat gedetailleerd | **(7–8)**<br>**GOED** |
| **(5–6)**<br>**GEMIDDELD**<br>Redelik samehangend, redelik akkuraat, enkele gedetail | **(5–6)**<br>**GEMIDDELD** |
| **(3–4)**<br>**AANVAARBAAR**<br>Soms samehangend, min akkuraatheid, min detail | **(3–4)**<br>**AANVAARBAAR** |
| **(0–2)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Maak geen sin nie, onakkuraat, onvolledig | **(0–2)**<br>**ONAANVAARBAAR** |
| | **30 ÷ 3 = 10** |

# PAT 2

**MUSIEKGELETTERDHEIDSOPDRAG**
(Kies die geskikte opsie wat by WKM/JAZZ/IAM pas.)

**OPSIE 1 (WKM)**

**HARMONIESE ANALISE**

**Rekord van Assessering** **Totaal: 20 punte**

Naam van leerder: ____________________________ Datum: ____________________

Bestudeer *Hymn* hieronder en beantwoord die vrae.




Kopiereg voorbehou 

1. Noem die toonsoort van hierdie gesang ('hymn').

_______________________________________ (1)

2. Besyfer die akkoorde (a)–(g) op die partituur. Maak seker dat jy die korrekte posisie/omkering van die akkoord aandui. (7)

3. Besyfer die akkoorde en benoem die tipe kadens by (x) in die spasie hieronder.

(x) _______________________________________ (3)

4. Noem die tipes nie-akkoordnote by (i)–(iii).

(i) _______________________________________

(ii) _______________________________________

(iii) _______________________________________ (3)

5. Watter woord beskryf die tonaliteit van hierdie gesang? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| Politonaal | Atonaal | Diatonies | Chromaties |
|---|---|---|---|

(1)

6. Gee 'n term wat die tekstuur van hierdie gesang beskryf.

_______________________________________________________ (1)

7. Wat beteken die $^{8}$ onderkant die G-sleutel in die tenoorparty?

_______________________________________________________ (1)

8 Noem die interval tussen die bas- en tenoorpartye in die laaste maat.

_______________________________________________________ (1)

9. Voeg by en benoem EEN deurgangsnoot en EEN hulpnoot/wisselnoot in enige stem op die partituur. Pas gegewe nootwaardes dienooreenkomstig aan. (2)

**Punte (20):**________________

## HARMONISERING

**Rekord van Assessering** **Totaal: 30 punte**

Naam van leerder: ______________________________ Datum: ____________________

Voltooi die vierstemmige harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg. Die gebruik van nie-harmonienote sal beloon word.





**Nasienrooster**

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | LEERDER SE PUNT |
|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Beweging van een akkoord na 'n ander | 12 | |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemleiding | 14 | |
| **Algemene indruk**<br>Gebruik van nie-harmonienote, musikaliteit, innovering | 14 | |
| **TOTAAL** | **40** | |
| **40 ÷ 4 x 3 =** | **30** | |

**Totale punte vir PAT 2 (50):**___________________

Onderwyser se handtekening: ____________________________

## ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR HARMONISERING (WAM)

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Beweging van een akkoord na 'n ander | *1 punt per progressie, bv. $I_b$ √ V of V x IV*<br>*Ses progressies in eerste frase; ses progressies in tweede frase = 12 punte.*<br>*'n Progressie tussen twee akkoorde is reg of verkeerd.* | | | 12 punte |
| **Korrektheid**<br>Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemleiding | *1 punt per akkoord x 14*<br>*Minus ½ punt per fout, maar nie meer as 1 punt per akkoord nie* | | | 14 punte |
| **Algemene indruk**<br>Gebruik van nie-harmonienote, musikaliteit, innovering | 12–14 | 86%–100% | **Uitstekend**<br>Samehangend en musikaal; gebruik van kadense en tonaliteit gesofistikeerd; modulasie of sekondêre dominante (nie verpligtend nie) suksesvol toegepas; kreatiewe gebruik van nie-harmonienote | 14 punte |
| | 10–11½ | 70%–82% | **Goed**<br>Korrek en musikaal; kadense korrek; tonaliteit stabiel; goeie nie-harmonienote ingesluit | |
| | 7–9½ | 50%–68% | **Gemiddeld**<br>Musikaliteit nie oortuigend nie; sommige kadense swak; tonaliteit onstabiel op plekke; beperkte gebruik van nie-harmonienote | |
| | 4½–6½ | 32%–46% | **Aanvaarbaar**<br>Onmusikaal; kadense foutief; tonaliteit onstabiel; baie min nie-harmonienote gebruik | |
| | 0–4 | 0%–28% | **Onaanvaarbaar**<br>Geen musikale sin nie; geen sin vir kadense nie; verkeerde toonsoort; tonaliteit afwesig; geen gebruik van nie-harmonienote nie | |
| **TOTAAL** | | | | **40** |
| | **40 ÷ 4 x 3 =** | | | **30** |

**OPSIE 2 (JAZZ)**


## HARMONIESE ANALISE

(Aanbeveel vir JAZZ of IAM)

**Rekord van Assessering** **Totaal: 20 punte**

Naam van leerder: ___________________________ Datum: ______________________

Bestudeer die uittreksel uit *Punini's Kwela* hieronder en beantwoord die vrae.



1. Noem die toonsoort van hierdie stuk.

_______________________________________ (1)

2. Identifiseer die akkoorde van (a)–(g) en besyfer dit op die partituur. Gebruik besyferingsaanduidings OF akkoordsimbole. (7)

3. Besyfer die twee basiese akkoorde en benoem die tipe kadens by (x) in die spasie hieronder.

(x) _______________________________________ (3)

4. Noem die nie-akkoordnote by (i) en (ii).

(i) _______________________________________

(ii) _______________________________________ (2)

5. Omkring 'n voorbeeld van sinkopasie op die partituur. (1)

6. Watter woord beskryf die tonaliteit van hierdie stuk? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Politonaal | Atonaal | Diatonies | Chromaties |

(1)

7. Gee 'n term wat die tekstuur van hierdie stuk beskryf.

_______________________________________ (1)

8. Lewer kommentaar op die ritme van die regterhandparty (G-sleutel) en linkerhandparty (F-sleutel), bv. styl, tekstuur, ens.

_______________________________________

_______________________________________ (2)

9. Voeg by en benoem EEN deurgangsnoot en EEN hulpnoot/wisselnoot in enige stem op die partituur. Pas gegewe nootwaardes dienooreenkomstig aan. (2)

**Punte (20):**_______________

**HARMONISERING**

**Rekord van Assessering** **Totaal: 30 punte**

Naam van leerder: ___________________________ Datum: ______________________

Skryf 'n geskikte harmoniese begeleiding vir die melodie hieronder. Jy mag klavier, kitaar of marimba gebruik. Kies 'n toepaslike sleutel.




**Nasienrooster**

| BESKRYWING | PUNTETOEKENNING | LEERDER SE PUNT |
|---|---|---|
| **Akkoordprogressie**<br>Beweging van een akkoord na 'n ander | 16 | |
| **Korrektheid**<br>Ritme, nootstele, akkoord-intonering | 8 | |
| **Algemene indruk**<br>Styl, musikaliteit | 16 | |
| **TOTAAL** | **40** | |
| **40 ÷ 4 x 3 =** | **30** | |

**Totale punte vir PAT 2 (50):**__________________

Onderwyser se handtekening: ___________________________

## ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR HARMONISERING (JAZZ)

<table>
<tr><th>BESKRYWING</th><th colspan="4">PUNTETOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Akkoordprogressie<br>Beweging van een akkoord na 'n ander</td><td colspan="3">2 punte per maat x 8<br>Minus ½ punt per fout</td><td>16 punte</td></tr>
<tr><td>Korrektheid<br>Ritme, nootstele, akkoord-intonering</td><td colspan="3">1 punt per maat x 8<br>Minus ½ punt per fout, maar nie meer as 1 punt per maat nie</td><td>8 punte</td></tr>
<tr><td rowspan="5">Algemene indruk<br>Styl, musikaliteit</td><td>14–16</td><td>86%–100%</td><td>Uitstekend<br>Samehangend en musikaal; gebruik van kadense en tonaliteit gesofistikeerd; akkoorde en akkoord-uitbreidings suksesvol</td><td rowspan="5">16 punte</td></tr>
<tr><td>11–13½</td><td>70%–82%</td><td>Goed<br>Korrek en musikaal; kadense, akkoorde en akkoord-uitbreidings korrek; tonaliteit stabiel</td></tr>
<tr><td>8–10½</td><td>50%–68%</td><td>Gemiddeld<br>Musikaliteit nie oortuigend nie; kadense, akkoorde en akkoord-uitbreidings swak; tonaliteit onstabiel op plekke</td></tr>
<tr><td>5–7½</td><td>32%–46%</td><td>Aanvaarbaar<br>Onmusikaal; kadense, akkoorde en akkoord-uitbreidings foutief; tonaliteit onstabiel</td></tr>
<tr><td>0–4½</td><td>0%–28%</td><td>Onaanvaarbaar<br>Geen musikale sin nie; geen sin vir kadense nie; akkoorde, akkoord-uitbreidings en tonaliteit afwesig; verkeerde toonsoort</td></tr>
<tr><td rowspan="2">TOTAAL</td><td colspan="3"></td><td>40</td></tr>
<tr><td colspan="3">40 ÷ 4 x 3 =</td><td>30</td></tr>
</table>

**OPSIE 3 (IAM)**


**HARMONIESE ANALISE**


**Rekord van Assessering** **Totaal: 20 punte**

Naam van leerder: ___________________________ Datum: _____________________

Bestudeer die uittreksel uit 'n tradisionele Afrika-koorwerk hieronder en beantwoord die vrae:




(d)
(e)
9
Thi-xo_ u-yas'-than - da U- Thi-xo_ u-yas' than-da U-
U-Thi-xo u-yas' than-da U-Thi- xo u-yas'-than - da
U-Thi-xo u-yas'-than-da U-Thi-xo u-yas'- than-da
U-Thi-xo u-yas' than da U-Thi-xo u-yas'-than - da


13
(ii)
(iii)
Thi - xo u - yas'-than - da u- si - khu- mbu_____ le.
Thi - xo u - yas' -than - da u - si - khu mbu_____ le.
Thi - xo u - yas'- than - da u - si - khu mbu__ le.
Thi - xo u - yas'- than - da u - si - khu mbu__ le.

1. Noem die toonsoort waarmee hierdie werk begin.

_______________________________________ (1)

2. In watter toonsoort is die B-seksie (maat $8^4$–16) van hierdie werk?

_________________________________________ (1)

3. Besyfer die akkoorde (a)–(e) op die partituur. Maak seker dat jy die korrekte posisie/omkering van die akkoord aandui. (5)

4. Besyfer die akkoorde en benoem die tipe kadens by (x) in die spasie hieronder.

(x) _______________________________________________ (4)

5. Noem die drie naasverwante (mees relatiewe) toonsoorte van die toonsoort in maat 1–8 van hierdie stuk. Noem die verwantskap in elke geval.

5.1________________________________________________________

5.2________________________________________________________

5.3________________________________________________________ (3)

6. Benoem die nie-akkoordnote by (i)–(iii).

(i) ____________________________________________

(ii) ____________________________________________

